BEELD 11-6-92

Dave Hudson

SA sewende in seiljag

Eben Human

DIE Suid-Afrikaanse seiljagvaarders Dave Hudson en Dave Kitchin het vandeesweek goed weggespring in die Flying Dutchman-regatta om die Europese titel. Ondanks 'n vroeë terugslag het hulle sewende geëindig in die eerste wedvaart in Toulon, Frankryk.

Hudson en Kitchin is besig om hulle voluit voor te berei vir die Olimpiese Spele in Barcelona. Hulle het reeds groot welslae in Europa op hul kleinboot Port Owen behaal met 'n sege oor die Olimpiese kampioene, Jorgen Bojsen-Moller en Christian Gronberg van Denemarke, onlangs in Cadiz, Spanje.

Sterk winde het in die laaste tyd amok gemaak onder die seiljagvaarders wat hulle in Europa voorberei vir die Spele. Die byeenkoms in Toulon moes juis met 'n dag uitgestel word weens die slegte weer.

Hudson-hulle het goed weggespring en vierde om die eerste boei gevaar. Hulle het daarna verstrengel geraak in opdrifsels en agt plekke teruggeval voordat hulle sewende geëindig het uit 'n vloot van 45.

Die Olimpiese kampioene van Denemarke het weer net enkele sekonde voor die Suid-Afrikaanse paar vierde geëindig. Die Spaanse paar het gewen en is gevolg deur die Franse en Switsers.

Die Nieu-Seelander Murray Jones moes hom aan die wedvaart onttrek weens 'n gebreekte hand. Vir die Nieu-Seelanders is dit 'n groot terugslag nadat hulle verlede week die SPA-regatta in Nederland gewen het en as van die gunstelinge vir die Spele beskou is.

Vir die Europese Flying Dutchman-titel moet die deelnemers sewe wedvaarte seil. Die regatta eindig Sondag in Toulon en Hudson sal kort daarna terug na Kaapstad keer.